# Waterkruik

JAARGANG 61 NO 15 14 April 2024

Jy kan deur middel van die volgende skakels aan die erediens deelneem deur net op die skakel te druk.-
**Video** YouTube – https://www.youtube.com/channel/UCsk9SpwFCDutnUSNt5qh05g
Facebook - https://m.facebook.com/Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand-108148367442176/
**Oudio** Kerkdienstgemist – https://kerkdienstgemist.nl/stations/559-Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand---PretoriaGereformeerde Kerk Waterkloofrand https://www.gkwaterkloofrand.org.za/?page_id=19

## DIENSBEURTE

**Oggend : Wyke 13 & 14**
*Oudle.:* Br. Gerhard Vermaak jnr
Br. Alwyn van der Walt
*Diakens:* Br. Christiaan Oosthuizen
Br. Hendrik Coetzee
Br. Eric Daniëlz
Sr. Riaan Reinecke

**Aand: Wyke 15 & 16**
*Oudle.:* Br. Jannie van der Walt
Br. Theuns de Bruyn
*Diakens:* Br. Theuns van Wyk
Br. Otto de Vries

## KOLLEKTES

***Tydens die erediens:*** Diakonalekas

***By die deure:***
**Emeritaatsversorging**
Doel: Om die emerituspredikante, -weduwees en wese van die Gereformeerde Kerke met lewensonderhoud en mediese bystand eervol te help versorg.

## TEESKINKBEURTE

Baie dankie aan die susters van wyk 14 wat vanoggend olv sr. Marjan van der Walt tee en koffie bedien.

## DIAKENSVERGADERING

Die diakens vergader Donderdagaand 18 April om 19:00 in die saal.

*U voorbidding vir die Here se seën op die vergadering word gevra.*

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**MAANDAG:**
Daar sal agv die Klassisvergadering nie Maandagmiddag katkisasie wees nie.

18:30 Klassis

**Donderdag:**
09:30 Bybelstudie in die konsistorie
19:00 Diakensvergadering

**Vrydag:** 17:30
Burger- en Bordspeletjieaand in die saal.

## VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

*"U leer my hoe om te lewe. By U is daar oorvloedige blydskap. Uit U hand kom net wat mooi is. " Psalm 16:11*

*Vandag*
Sr. Ronalie de Kock 082 872 9705

*Maandag 15 April*
Sr. Marianna du Plessis 063 076 9135
Sr. Michelle Fogwill 082 325 8399
Stefan le Roux (13) 082 901 6167
Br. Riaan Moolman 083 658 0540
Sr. Suritha v d Merwe 082 416 4954

*Dinsdag 16 April*
Daniël d'Assonville 063 501 5420
Br. Schalk Erasmus (China)
Sr. Joey Lindeboom 082 446 5927
Br. Deon van der Merwe 082 498 9853
Br. Jannie v d Walt 082 955 5368

*Woensdag 17 April*
Sr. Henda Blom 083 460 7287
Sr. Retha Myburgh 082 373 3981

*Donderdag 18 April*
Br. Wicus du Plessis 082 807 6945
Mackenzie White (16) 082 601 2729

*Vrydag 19 April*
Sr. Christine Coetzer 082 615 8811
Sr. Annette Roos (80) 076 837 7909

*Saterdag 20 April*
Br. Piet Hoffman 076 329 7475

Hartlik geluk aan *sr Annette Roos* wat Vrydag haar 80ste verjaardag vier. Ons bid u die Here se ryke seën toe op die nuwe lewensjaar. Mag die vir u 'n jaar vol vreugde wees.



*"Die Here is by my, ek ken geen vrees nie; wat kan 'n mens aan my doen? Die Here is by my, Hy help my : el sal neerkyk op dié wat my haat. Om by die Here te skuil is beter as om op mense te vertrou." Psalm 118: 6 – 8*

## MEELEWING

*Quintin se oorplanting het goed gegaan. Hy het kortasem geraak as reaksie op die selle en moes suurstof kry. Hulle het hom gemonitor en hy is weer van suurstof af.*

*Ons sal eers oor 9/10 dae vanaf die oorplanting kan bepaal of dit ñ sukses was en of sy liggaam die nuwe selle aanvaar en nuwe beenmurg begin vorm. Quintin is nou besonders moeg en voel verseker die effek van die chemo.*

*Ons is baie dankbaar dat Quintin se lewe tot dusver gespaar is en dat sy behandeling deur ons Here geseën word. Hy verhoor ons gebede keer op keer en versterk ons soos net Hy kan.*

*Baie dankie vir elkeen se ondersteuning en veral gebede. Dit dra ons werklik. Sr. Ammie Venter* 076 012 4254

## ATTETATE

Ons het die attestate van die volgende lidmate ontvang en heet elkeen hartlik welkom.

*Br. Willem Venter* kom van ver af, van Molteno en hy studeer tans by Soltek. 071 213 8322

*Sr. Carina van der Dussen* het van GK Centurion by ons aangesluit. 082 374 2780

*Br. Johan Hamman* 084 910 0093 kom van GK Meintjeskop gemeente en sy vrou, *Marinell,* 082 863 2200 sluit van die NGK Waverley by ons aan.

*Ons vertrou dat julle sommer gou deel sal in voel van die Waterkloofrandfamilie*.

*Br. Leneard en sr. Judik Cornelius* het met attes vertrek na GK Potchefstroom Die Bult.

## NASKOOL JEUG

Die naskool jeug vergader Sondagaand 14 April na die aanddiens (17:30) in die saal.
Tema bespreking - Waarom Gereformeerd? deur ds. Gerben



Wie is welkom? Alle studente en jong werkendes (18-30)
Ons beplan om dan ook met verskillende Bybelstudiegroepe vir die jaar te begin

## JEUG VAN GISTER

Tydens 'n geweldige stortreën Dinsdag 9 April, het die groepie seniors (vir die dag herdoop na die "Vasbyters") die elemente trotseer en heerlik saamgekuier. In die lig van die tema: "Interessante gedrag by bobbejane", is daar toepaslik ge-open deur 'n paar verse uit Ps 8 te lees. 'n Mens bly verwonderd oor die skepping van ons Here. Gerhard Vermaak het interessante feite voorgehou oor bobbejane, wat aangevul is deur die ander "kenners" wat teenwoordig was. Wetenskaplike feite oor hulle fisiese kenmerke, die rol van hiërargie en reëls in die trop, asook kos en veiligheid is gedeel. Dit was ook baie interessant om te hoor van 'n "plaas" waar

bobbejane vrylik kan aanteel om as troppe verkoop te word vir hervestiging in omgewings waar hulle uitgesterf het.   Wie kon nou dink dat bobbejane empatie het, selfs simpatiseer, met 'n mamma wie se kleintjie gesterf het.



Na die geselsery is die dors geles deurdat almal sommer in die kombuis tee gedrink het, aangesien die saal se krag af was weens werk aan die beligting.  Dit was voordelig, want in 'n japtrap het almal ingespring en koppies gewas en die kombuis netjies agtergelaat.  Heerlik gesellig.

Die **volgende Dinsdag kuier sal weer op DV 11 Junie plaasvind**.  Die kuier wat vir 14 Mei beplan is en op die kerkkalender verskyn, sal verval aangesien die gemeente se senior lidmate die Bybelvasvra by Oosmoot gemeente op 15 Mei gaan bywoon.

## ALLE SENIOR LIDMATE

Die seniorlidmate van GK Oos-Moot het ons gemeente se seniorlidmate uitgenooi na 'n Bybelvasvra en kuier by hulle op Woensdag 15 Mei 2024. Hulle het so lekker saam met ons lidmate by die gemeentekamp gekuier dat hulle besluit het om ons vir dié geleentheid uit te nooi.  Daar sal 'n gedeelte uit die boek Handelinge gegee word sodat ons bietjie kan voorberei. Emeritus predikant, ds. Eddie Tiemensma, sal die verrigtinge lei. **LW**. Dis nie 'n akademiese aanslag nie!   Almal bo 60 is welkom. Ons sal bly wees om 'n voorlopige getal te hê om op te werk, dus sal dit waardeer word om teen Vrydag 12 April 'n aanduiding te kry. RSVP asseblief by Rina Steenkamp

084 734 4181.  Meer besonderhede sal later volg.

## EREDIENSTYE

Die Breë Kerkraad vergader DV 2 Mei 2024 waar die Eredienstye hersien word.
Die kommissie vir Eredienstye het alreeds vergader en die voorstel is dat die huidige Eredienstye voortaan dieselfde gehandhaaf word regdeur die jaar 9:00 vm en 17:30 nm.
*U word uitgenooi om insette te lewer by jou Wyksouderling voor 2 Mei 2024*.

## NUUS VIR ONS SUSTERS

*Alle susters* word uitgenooi na die Sustersbyeenkoms op Donderdag 25 April 2024.  Teken solank die datum in u dagboek aan.  Meer besonderhede volg later.

## "WAAR DIE HART VAN VOL IS, LOOP DIE MOND VAN OOR"

Skrifgedeelte: Psalm 119:41-48

Ek wil jou graag drie vrae vra: Hoe maklik praat jy met ander oor jou geloof; deel jy Wie die Here is en wat sy verlossing vir jou beteken? Hoeveel tyd spandeer jy aan Facebook, Netflix, televisie kyk of koerant lees teenoor of in verhouding met die hoeveelheid tyd wat jy in die Woord en gebed spandeer? Is daar 'n verband tussen hier die twee sake?



Die psalmdigter se hart is vol van God se Woord. Hy sê selfs twee maal dat hy dit liefhet – 'n beskrywing wat amper vreemd op ons ore val. Hy reik daarna soos iemand na 'n kosbare besitting. Hy vind sy vreugde daarin. Hy wil vir ewig en altyd God se wet gehoorsaam en hy leef in die wye ruimte wat God se wet vir hom skep en waar hy weet hy veilig sal wees.

Hoe kom dit dat die digter so voel oor God se Woord? In vers 41 smeek hy dat God se troue liefde en verlossing sy deel sal word – beloftes waarvan hy hoor in die Woord. Hy is so oortuig van daardie beloftes dat dit 'n antwoord is vir die spotter wat vra: "Waar is jou God?", 'n betroubare woord wat hy met ander kan deel en waaroor hy selfs nie skaam is om voor (ongelowige?) konings of mense van aansien te praat nie.

Wat vir die digter nog net in die voortuitsig was, is vir ons 'n sekerheid. God se troue liefde (verbondsliefde) en verlossing het vir ons 'n vaste sekerheid geword in Jesus Christus. Hoe kan ons dan anders as om vol te wees van verwondering en liefde vir God se Woord waarin ons hierdie waarheid leer ken? Hoe kan ons anders as om so vol te wees daarvan dat ons oorloop sodat ander ook kan hoor?

Waarvan is jou hart vol?

*Ds. BA van der Walt (Banie) (Paarl)*

## SNIPPERS

Kom kyk wat maak die Gereformeerde Skool Dirk Postma uniek en kom sien wat presies gereformeerde onderwys in die klas en op die sportveld behels. Voornemende leerders en hul ouers is welkom om op Donderdag 25 April van 17:00 af by die kleuter-, laer- en hoërskool te kom kuier. Gr RRRR-12-leerders is welkom om in te skryf. Vir meer inligting, besoek gerus die webblad by www.gsdp.co.za





## MONUMENTSIG AFTREE-OORD EENHEID BESKIKBAAR!

Die Oord behoort aan die Gereformeerde Kerk Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion, reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerkgebou. U koop okkupasiereg in 'n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met pragtige tuine en lae heffings. Daar is geen versorgings fasiliteite nie — Bepalings geld vir 80-plussers. Die eenheid wat beskikbaar is, bestaan uit :
1 slaapkamer, 1 badkamer, kombuis, eet/sitkamer, toesluit motorhuis (nie aan huis) met 'n tuin. Die prys is R510 000. Die eenheid is 75vk meter en die heffing beloop tans R899. Die inwoner is ook verantwoordelik vir die kraggebruik en munisipale heffings.

Navrae: Rina Venter (op terrein) 071 403 4143 of Gerrit Beumer 082 572 5235
Aansoeke sluit **29 April 2024**

## MOOTKAMP

Wat is mootkamp?




Mootkamp is 'n skoolverlaterskamp vir Gr 10-12 leerlinge. By die Mootkamp bou ons as jongmense in 'n Christelike omgewing nuwe vriendskapsbande terwyl ons ook saam nader aan ons hemelse Vader groei.

In ons aftye van die dag, fokus ons ERNSTIG daarop om pret te hê. Ons bou chats, speel volleyball, swem, sokkie, huil, lag, huil soms van die lag, en geniet die tyd saam met geloofsvriende. Kom wees asb deel!

Wie: Alle Gr 10-12 leerlinge (Vriende van ander kerk is baie welkom!)

Datum: 30 Junie – 7 Julie
Plek: Goodlands Estate, Cullinan
Koste: R 1200 pp (Sluit verblyf, etes en 'n T-hemp in)

Inskrywing: https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSdXEhmQmB-KfGXMp8jOeYHmtsAASiM0I0m0Ph4YsakjoicykA/viewform?usp=sf_link

Vir enige navrae, kontak ons gerus:

Peter Reesink peterreesink509@gmail.com 067 283 0970



*" 33. O, diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God!*
*Hoe ondergrondelik is sy oordele,*
*en hoe onnaspeurbaar sy weë.!*
*36. Want uit Hom en deur Hom*
*en tot Hom is alle dinge.*
*Aan Hom kom die heerlikheid vir ewig toe.*
*Amen"*
*Romeine 11: 33 & 36*

## FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

**PREDIKANT**
Ds. Gerben Meijer
062 279 4469

**SKRIBA**
Gert Wibbelink
082 787 6537

**ATTESSKRIBA**
Tinus Erasmus
082 410 2252

**OUDL. SKRIBA**
Gert Wibbelink
082 787 6537

**VOORSITTER DIAK**
Herman van Heerden
082 604 3352

**ORRELIS**
Ansie Wichmann
072 605 8675

**SONDAGKOSTER**
Hein Wichmann
082 873 3569

**WEEKKOSTER**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOOR**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOORURE**
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd 083 398 9080 skakel.

**BANKBESONDERHEDE**
**Kerk**
ABSA: Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
Rek no. 000 340 685

**Diakens**
ABSA: Diakonie Spaar Rek. No. 9139785681

**e-pos kerk**: admin@gkwaterk.co.za
**webwerf**: www.gkwaterkloofrand.org.za

**KERKKAS**
Snap here to pay
SnapScan

**DIAKENS**
Snap here to pay
SnapScan